

## Volmaakte eenheid



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se les:

Johannes 14:1–3, Jesaja 11:1–10, Openbaring 21:1–5, 1 Tessalonicense 4:13–18, Openbaring 22:1–5, Jesaja 35:4–10.

#### Geheeteks:

“Maar ons leef in die verwagting van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers” (2 Petrus 3:13, NAB).

**E**en van die grootste bybelbeloftes is die een waarin Jesus aandui dat Hy weer gaan kom. Sonder daardie belofte het ons net mooi niks omdat al ons hoop en die betekenis van die lewe daarin gegrondves is. Wanneer Christus op die wolke verskyn, sal alles wat aards en mensgemaak is – d.w.s. daardie dinge wat tydelik en soms ook betekenisloos is – tot ’n skielike einde kom. Na die duisendjaar en die verlostes se hemelse verblyf verby is, sal die aarde met sy oorloë, hongersnood, siekte en tragedie herskep word; waarna dit die verlostes se nuwe tuiste sal word. So word die kinders van die Here dan uiteindelik met hul Hemelheer en met mekaar herenig. Die wederkomshoop is een van die groot Nuwe-Testamentiese temas. Christene smag al eeue lank na die vervulling van daardie belofte. As Sewendedag-Adventiste is ons ewe gretig oor die wederkoms. Dit is immers ’n hoop wat in ons naam verwoord word. In die slotles bekyk ons daardie belofte, asook wat dit vir Christelike eenheid inhou. As gevolg van ons menslike swakhede en beperkinge kry een-wees in Christus dikwels die wind van voor. Dit is hoe dit in die teenswoordige wêreld is, maar eendag sal die soeke na oplossings vir verdeeldheid tot ’n einde kom omdat verdeeldheid nie meer sal bestaan nie. By die wederkoms sal ons ten volle een met Christus wees. Dit is die groot dag van hereniging – God en mens, uiteindelik weer ’n enkele gesin.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 29 Desember.*

## Die wederkoms is vas en seker

**Johannes 14:1–3 is die bekendste van die wederkomsbeloftes. Wat sê dit vir 'n mens oor die tipe lewe wat die verlostes op die nuwe aarde gaan lei?**

---

Die vroeg-Christelike gemeenskap het die wederkoms van Jesus die “salige hoop” genoem (Tit. 2:13, OAB). Op daardie dag was hulle die vervulling van alle profesieë en beloftes te wagte, aangesien die wederkoms van Jesus die einddoel van elke Christen se geloofspad is. Elkeen wat Jesus liefhet, sien uit na daardie dag waarop hulle direkte samesyn met die Meester sal hê. Jesus woorde in Johannes 14:1-3 dui op 'n hegte band en 'n noue omgang tussen God en die verlostes. Wat meer is, daardie hegtheid is nie net tussen ons en Jesus nie, maar ook onder die verlostes. Christene glo daardie belofte omdat die Bybel ons die versekering gee: Dit sal vervul word. Daardie versekering het ons omdat ons op Jesus vertrou. Wanneer Hy sê: “Ek kom weer” glo ons Hom (Joh. 14:3, OAB). Jesus se eerste koms is voorspel. So is dit ook met die wederkoms. 'n Mens lees selfs in die Ou Testament daarvan. Voor die sondvloed maak God dit aan Henog bekend: Eendag sal die Messias se glorieryke koms sonde tot 'n einde bring. In sy profetiese uitspraak sê die patriarg: “Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het” (Judas 14, 15; NAB).

'n Duisend jaar voor Jesus die eerste maal aarde toe gekom het, profeteer koning Dawid ook die wederkoms. Hy praat van die komende Messias wat God se kinders bymekaar maak. “Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig. Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel: Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit! En — die hemele verkondig sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel! Sela” (Ps. 50:3–5, OAB). Tussen Jesus se eerste en tweede advent bespeur 'n mens 'n noue band. Die profesieë oor sy geboorte en aardse sending (byvoorbeeld Gen. 3:15; Miga 5:2; Jes. 11:1; Dan. 9:25, 26) vorm die grondslag van ons wederkomshoop, asook die beloftes wat daaruit spruit. Christus het “verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem... So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag” (Heb. 9:26, 28; NAB).

**Op watter maniere kan ons vandag hoop en vertroosting uit die wederkomsbelofte put?**

## Die beloofde herstel

**Lees Jesaja 11:1–10. Watter belofte ontvang die volk van God hier, en wat sê dit oor die verlostes se ewige tuiste?**

---

---

Die Bybel begin met die skepping van die aarde (Genesis 1, 2). Dit begin met 'n pragtige planeet waarin vrede en ewig heers, en wat die Here aan ons stamouers – Adam en Eva - toevertrou. Die wêreld wat God geskep het, was volmaak, 'n tuiste vir die mensdom. In die laaste twee hoofstukke van die Bybel skep God weer 'n volmaakte aarde, 'n plek van ewig – dié keer vir die verlore mens (Op. 21 en 22). Tog is dit inderwaarheid 'n herskepping, die herstel van die aarde na die verwoesting wat sonde gebring het. Die Bybel praat op verskillende plekke dat die verlostes se ewige tuiste 'n fisiese plek is. Dit is nie blote fantasie of 'n droom nie. Die verlostes sal hul nuwe tuiste kan sien en hoor, hul nuwe lewe kan proe en ruik. Hulle sal dit ook kan aanraak. Die profesie in Jesaja 11 is 'n besonder mooi beskrywing van hoe die komende Messias 'n nuwe era inlui. Alle geweld gaan tot 'n einde gebring word. Ewig vrede sal op aarde heers. God se heerskappy op die nuwe aarde sal allesomvattende harmonie bring.

**Lees Openbaring 21:1–5. Wat sal danksy daardie nuutgevonde vrede, ewig en harmonie vir ewig daarmee heen wees?**

---

---

Ellen G. White beskryf die dinge wat die verlostes in wag soos volg: “Jaar na jaar bring die ewigheid al dieper en glorieryker insigte oor God en Christus. Met 'n toename in kennis kom meer liefde, eerbied en geluk. Hoe beter ons God leer ken en verstaan, hoe groter die bewondering vir sy [edel] karakter. Namate die veelvlakkigheid van die verlossingsplan en al die wonderbaarlike oorwinnings in die groot stryd teen Satan aan die verlostes onthul word, skep dit 'n dieper begeerte by hulle om meer toegewyd aan die Heiland te wees. Dit is so besielend dat die verlostes hul goue harpe opneem. Dan begin hulle met oorgawe te speel. 'n Koor van stemme gaan op – derduisende, selfs tienduise – sing 'n magtige en majestueuse loflied tesame” (Ellen G. White, *The Story of Redemption*, bl. 432, 433).

**Hoe kan ons nou reeds insae in die karakter van God verkry? Hoe is dit dat die harmonieuse eenheid tussen mens en medemens die karakter en aard van God aan die lig bring, en boonop in die teenswoordige wêreld?**

## Die opstanding en die herontmoeting

By die nuutgevonde kerk bespeur ’n mens dit van meets af – hoedat die wederkomsbelofte God se getroue kinders deurdra, veral in tye van beproewing. In daardie opsig oortref dit die ander beloftes. Die kinders van die Here koester dus die hoop dat Jesus sal terugkeer, en sien uit na die vervulling van al die beloftes wat daarmee saamgaan – ongeag die vreeslike beproewings wat hulle te beurt val, en ten spyte van die diepste smarte en pyn wat hulle beleef.

**Lees 1 Tessalonisense 4:13–18. Watter beloftes bevat hierdie skrifgedeelte? Watter hoop bied dit die gelowige oor die herontmoeting tussen mense?**

---

Die wederkoms van Jesus sal die ganse mensdom op ’n ingrypende wyse affekteer. ’n Belangrike deel van die vestiging van God se koninkryk op aarde is die bymeekaarmaak van die verlostes in die opstandingsmôre: “Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af” (Matt. 24:31, NAB). Daardie bymeekaarmaak van die uitverkorenes gebeur wanneer dat dié dooies lewendig uit die graf gebring sal word en onsterflikheid ontvang (1 Kor. 15:52, 53). “Dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan,” sê die Skrif (1 Tess. 4:16, OAB). Dit is die oomblik waarop alle gelowiges wag. Dan word dié wat lewendig gemaak is, verenig met diegene wat na hul teenwoordigheid en liefde gesmag het. Paulus beskryf daardie triomfantelike oomblik met die retoriese vraag: “Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?” (1 Kor. 15:55, OAB). Op daardie oorwinningsdag kom die dooies uit die graf te voorskyn, maar nie soos hulle daar ingegaan het nie. Hulle is nie siek, bejaard of geskend nie. Nee, hul liggame is nuut en volmaak, sonder enige teken van die vloek van sonde wat hulle in die eerste plek laat verrot het. Die verrese verlostes beleef dus die afsluiting van die herstel wat Christus in ons teweegbring. Op daardie dag weerspieël ons uiteindelik die beeld van God waarmee die mens oorspronklik geskep is (Gen. 1:26, 1 Kor. 15:46–49). Wanneer Jesus op die wolke verskyn en die regverdige dooies opgewek word, sal die kinders van die Here wat nog lewendig is, verander word. Dan sal hulle ook nuwe, volmaakte liggame ontvang. “Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike” (1 Kor. 15:53, NAB). So word hierdie twee groepe verlostes – dié wat uit die dood opgewek, en dié wat lewendig getransformeer word, “saam... op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here getemoet. En so sal ons altyd by die Here wees” (1 Tess. 4:17, NAB).

**In die wetenskaplike tydvak waarin ons leef, soek baie na natuurwetenskaplike verklarings vir die bonatuurlike. Party Christene doen dit ook. Die opstandingsbelofte wys ons egter daarop dat redding slegs deur die bonatuurlike ingrypings van God kom. Hoe so?**

## 'n Nuwe aarde vir die verlostes

“Ek gaan ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde skep; aan dié wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie, hulle sal nie onthou word nie” (Jes. 65:17, NAB). Jesaja en Johannes (Op. 21:1) het albei die nuwe aarde wat God beloof in ’n visioen gesien.

**Lees nou Openbaring 21:2, 9–27. Let op Johannes se beskrywing van die skouspelagtige Godstad, die Nuwe Jerusalem. Hierdie skrifgedeelte sinspeel op die eenheid en harmonie wat in daardie stad gaan heers. Wat sê dit vir ons?**

**Lees Openbaring 22:1–5. Die rivier van die lewe wat vanuit God se troonkamer vloei, en die boom van die lewe wat weerskante van die rivier groei, is nog twee belangrike dele van die Godstad. Wat is hul onderskeie doele op die nuwe aarde?**

Die boom van die lewe, waartoe Adam vanweë sy oortreding (Gen. 3:22–24) toegang verloor het, word deur Christus in die Nuwe Jerusalem hervestig. Toegang daartoe is een van die beloftes aan diegene wat die bese oorwin (Op. 2:7). Dit dra twaalf soorte vrugte – elke maand ’n ander soort – en is moontlik die rede vir die groot saamtrek waarvan Jesaja praat: “En elke maand op die nuwemaan en elke week op die Sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die Here” (hfst. 66:23, OAB). Die sinsnede, “tot genesing van die nasies” (in Openbaring 22), onderstreep ook ’n verdere punt, naamlik dat God alle skeidsmure in die mensdom wil afbreek. Wat meer is, ’n herontdekking van die oorspronklike skepping se doel: Om alle volke, stamme en nasies weer een te maak – ’n gesin sonder verdeeldheid – een wat in harmonie en vrede saamleef, ’n gesin wat byeenkom om lof en eer aan die Here te bring. “Tot genesing van die nasies’ is ’n figuurlike uitdrukking, wat op die verwydering van alle staatkundige en taalskeidsmure dui... Die blare van die boom van die lewe genes dus die skeurings tussen die nasies. Die nasies is nie meer ‘heidene’ nie, maar is nou deel van ’n enkele gesin, deel van God se ware kinders ([vergelyk met] hfst. 21:24–26). Miga se profetiese toekomsblik word nou bewaarheid: ‘Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie. Elke man sal onder sy eie wingerd sit, ongesteurd onder sy vyboom’ (hfst. 4:3–4, NAB; [vergelyk met] Jes. 2:4). Daar op die oewer van die rivier van die lewe sal die verlostes ‘mekaar uitnoui’ (Sag. [3:]10, OAB) om onder die boom van die lewe te sit. Die genesende eienskappe van daardie boom se blare sal alle seerkry tussen die nasies genes – ongeag die oorsprong – ras, stam, taal of etnisiteit. Dit wat stukkend was, eeue se verdeeldheid, sal heelgemaak word” (Ranko Stefanovic, *Revelation of Jesus Christ: Commentary on the Book of Revelation*, bl. 593).

## Lewe op die nuwe aarde

**Lees Jesaja 35:4–10, 65:21–25. In watter opsigte gaan die lewe op die nuwe aarde anders wees as wat dit nou is?**

Jesaja praat telke male van die “nuwe” – “nuwe dinge” (42:9 en 48:6, NAB); “’n nuwe lied” (42:10, NAB); “iets nuuts” (43:19, NAB) en “’n nuwe naam” (62:2, NAB). Die nuwe in hoofstuk 65 dui natuurlik op ’n nuwe bestel, waar vrede en harmonie tussen alles en almal wat God geskep het, heers. Die vervloeking van die grond, vanweë die verbondsvolk se ongehoorsaamheid en rebellie (lees Lev. 26:14–17, Deut. 28:30), word vir ewig verwyder. Hoekom? Omdat sonde nie meer bestaan nie. Nou ken die seëninge geen einde nie. Daar is huise om in te woon en kos in oorvloed. Watter soort lewe gaan ons in so ’n mooi plek lei? Party wonder of ons vriende en familie gaan herken, siende dat ons onsterflike liggame gaan ontvang en ten volle na die beeld van God herstel word. Neem in ag dat Jesus se dissipels Hom na sy opstanding herken het. Maria het sy stem herken (Joh. 20:11–16). Tomas het Jesus aan sy gelaatstrekke herken (Joh. 20:27, 28). Die twee Emmausgangers het Hom aan sy manier van optree herken toe hulle saam aangesit het (Luk. 24:30, 31, 35). As ons opstandingsliggame dus soos dié van die verrese Jesus is, sal ons mekaar kan uitken – m.a.w. ons kan ’n ewigheid van herstellende familie- en vriendskapsbande te wagte wees. Dit sou dus nie verkeerd wees om te sê dat ons ons bande met diegene wat ons ken en liefhet, en wat boonop saam met ons op die nuwe aarde is, sal voortsit nie.

“Daar sal die verlostes mekaar ten volle ken, net soos hulle ten volle geken is. Die verskillende soorte liefde en vorme van koestering wat God Self aan die mens skenk, sal daar in sy mees volmaakte en mooiste vorm uiting vind. Suiwer omgang met heilige wesens; harmonieuse interaksie tussen die verlostes mens en die engele, en tussen God se getroue kinders van alle tydvakke, tussen almal wat wit klere dra omdat hulle dit in die bloed van die Lam gewas het; en ook die heilige liefdesband wat ‘die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde’ (Efe. 3:15) saambind – dít is waaruit die verlostes vreugde gaan put” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 677).

**“Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie... Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ’n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (2 Kor. 4:16–18, NAB). Ons bevind ons in ’n vlietende wêreld. Die vraag is net: Hoe kan ons die onsigbare en die ewige nou reeds aangryp?**

**Vir verdere studie:**

Ellen G. White, “Behold, I Come Quickly,” bl. 355–359, in *Counsels for the Church*. Lees die inskrywings “Resurrection,” bl. 1082–1084, asook “Heaven and New Earth,” bl. 863–864, in die *Ellen G. White Encyclopedia*. “Die Heiland se opstanding en hemelvaart is ’n klinkklare bewys dat die verlostes oor die dood en die graf sal triomfeer. Dit is ook ’n belofte dat die hemel elkeen sal ontvang wat die ‘klere’ van sy/haar karakter in die bloed van die Lam was. Met sy terugkeer na die hemel, staan Jesus as verteenwoordiger van die mens voor die Vader. Daarom sal elkeen wat die beeld van God weerspieël eendag sy heerlikheid aanskou en dit deelagtig word. “Daar is wonings vir God se aardse pelgrims, mooi klere vir die regverdiges. Daar is ook lieflike krone om te dra en palmtakke van oorwinning om te wuif. God se weë, wat ons voorheen nie verstaan het nie, word uiteindelik in die hiernamaals duidelik. Die verborgenhede van Gods genade begin ontvou. Waar ons beperkte verstand net verwarring en gebroke beloftes gesien het, sien ons nou die mees perfekte en lieflike harmonie. Ons besef ook: Daardie beproewings wat vir ons een te veel was, het God juis uit liefde in ons lewens toegelaat. Wanneer ons die tederlike sorgsaamheid raaksien van Hom wat alle dinge ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, jubel ons. ’n Glorieryke en oneitspruklike vreugde spoel oor ons” (Ellen G. White, *Counsels for the Church*, bl. 358).

**Vrae vir bespreking:**

1. Ander Christene (maar nie almal nie) glo ook in die letterlike wederkoms van Jesus. Dit laat ’n mens wonder: Wat maak die Adventis se wederkomshoop dan so uniek?
2. Op ’n dag vra die een vis vir die ander: “Hoe’s die water, ou vriend?” Waarop dié toe antwoord: “Wat op dees aarde is water?” Die punt is: Hoe kan ’n mens so gewoon raak aan iets – iets wat boonop volop is – en dit dan miskyk? Let byvoorbeeld op die feit dat ons gebore sondaars is. Ons is die ene sonde en woon op ’n sondige planeet. Met ander woorde, sonde is al wat ons ken. Nou is die vraag net: Kan ons werklik verstaan watter wonderlike lewe ons in die nuwe hemel en op die nuwe aarde inwag? En ook: Hoekom behoort ons ons dit steeds te probeer voorstel, ten spyte van ons beperkte begrip?
3. Hoe die lewe op die nuwe aarde ook al daar uitsien, een ding is seker: Eenheid gaan daar heers. Die vraag is net: Wat kan ons nou reeds doen om vir daardie dag van hereniging en vereniging gereed te wees?

**Opsomming:** Die Bybel praat met groot sekerheid oor die wêreld na die wederkoms – ’n tydperk waartydens alles herskep word, en waarin sonde en die skade wat dit veroorsaak het, tot ’n einde gebring word. Uiteindelik word die mens en sy skeppingsdoel in ere herstel, en almal leef in vrede en harmonie. Hoewel die eenheid in Christus wat ons tans beleef, gedeeltelik van aard is, sal dit eendag, vir ewig, volmaak wees.